

BUITEKRAAN-GERIEF

Volg Cashbuild se maklike wenke om 'n buitekraan te installeer

HET jy 'n kraan buite jou huis nodig? Of wil jy graag joune na 'n geriefliker plek verskuif sodat jy makliker die tuin kan natgooi? Dis doodmaklik en vinnig: Volg net ons stap-vir-stap-aanwysings.

Alles wat jy vir hierdie takie nodig het, sal jy onder een dak by die verbruikerskampioen Cashbuild aantref – van gereedskap tot loodgieterstoerusting. Jy kan ook kundige raad by ons personeel kry. Met hul hulp sal jy gou almal met jou selfdoen-vaardighede beïndruk.

WENK: Die kraan kan binne 'n middag geïnstalleer word, mits jy alles wat nodig is byderhand het. Voor jy die watertoevoer toedraai, maak jou ketel vol en dalk kan jy ook die bad vol tap. Dan kan jy water daaruit gebruik om die toilet te spoel terwyl jy geen watertoevoer het nie.

Nadat jy die water toege-draai het, moet jy die koue kraan by jou opwasbak oopdraai en al die water laat uitloop tot die pype leeg is.

JY BENODIG:

Kragboor, 7 mm-klipboorpunt, tuinkraan-stel (muurplaat, kraan en wasters), loodgieterseëlband, pypsnyer (of ystersaag, metaalvyl en skuurpapier), verstelbare moersleutel, verstelbare skroefhamer, 15 mm-koperpyp, pyp-ankers, T-verbinding, maskeerband, potlood, hamer, skroefproppe en skroewe, skroewe-draaier, vullerskuim of seëlaar.



MAAK NOU SO:

STAP 1 Soek 'n kouewaterpyp aan die buitekant van jou huis wat 'n koue kraan in die huis van water voorsien. Maak seker die pyp is beweeglik genoeg sodat jy 'n T-verbinding daaraan sal kan heg.

STAP 2 Draai die watertoevoer by die hoofkraan toe. Jy gaan die waterpyp sny om die verbinder aan te heg en wil nie water mors of jouself natspuit nie.

STAP 3 Meet die verbinding se lengte teen die uitlaatpyp voor jy die pyp sny. Maak seker die verbinding pas stewig teen die muur sodat jou nuwe kraan vertikaal en styf teen die muur sal

staan. Gebruik 'n pypsnyer of ystersaag om die hoofuitlaatpyp mee te sny. **NOTA:** Die eindpunte van die pyp sal glad geskuur moet word as jy met 'n ystersaag werk. Gebruik 'n metaalvyl en rond dit met growwe skuurpapier af.

STAP 4 Draai loodgieterseëlband om die oop punte van die pyp voor jy die T-verbinding daaraan heg. Die verbinding sal sorg dat water na die kouewaterkraan binne en ook na jou nuwe tuinkraan vloei.

STAP 5 Druk 'n kort stuk pyp vertikaal by die T-verbinding in. Die aanbevole posisie vir 'n buitekraan is ten minste 250 mm

bo die waterdigting. Heg die pyp met pyp-ankers aan die muur. **WENK:** Plak maskeerband aan die muur waar jy die pyp-ankers wil aanbring. Merk die gate met 'n potlood voor jy hulle boor.

STAP 6 Merk die plek waar die kraan se muurplaat vasgesit moet word op dieselfde manier met 'n potlood en maskeerband. Boor die gate, sit skroefproppe in die muur en skroef die muurplaat styf vas aan die muur. Sit wasters in die kraan. Draai loodgieterseëlband om die kraan se pyp voor jy dit aan die muurplaat vasskroef.

WENK: Maak seker alle wasters is op presies die regte plekke om toekomstige lekkasies te voorkom. Gebruik pyp-ankers om die pype stewig aan die mure te heg sodat hulle nie vibreer of teen die muur kap nie. Vul die gaping tussen die muurplaat en die muur met vullerskuim of seëlaar. Draai laastens die watertoevoer weer oop en kyk of daar enige lekplekke is. Draai hegplekke stewiger vas as dit nodig is.

■ **Besoek jou naaste Cashbuild-winkel vir nog maklike loodgieter- en selfdoen-oplossings om van jou huis 'n tuiste te help maak. Vir meer inligting skakel die Cashbuild-kliëntediensnommer by 0860-100-582.** □

